# DIE BYBELKUNDE-KONGRES 1981: 'N BELANGRIKE STAP VORENTOE

*B C Lategan*

Op 9 Mei 1981 het verteenwoordigers van elf universiteite, vier onder=wyskolleges, die Transvaalse en Kaapse Onderwysdepartemente, Departe=ment van Onderwys en Opleiding, die N G en N H Kerke in Pretoria by=eengekom. Die inisiatief vir die reël van die kongres het van die Universiteit van Pretoria uitgegaan, met name van dr W Vosloo, wat besondere moeite gedoen het om 'n verteenwoordigende groep afgevaardig=des byeen te bring.

Die doel van die kongres was om indringend aandag te gee aan sekere knelpunte in die aanbieding van Bybelkunde op universiteit, kollege en skool en om met alle belanghebbende partye na oplossings van hier=die probleme te soek.

Omdat hierdie byeenkoms belangrike implikasies vir almal het wat by Bybelkunde betrokke is op een of ander wyse, word eers 'n kort op=somming van die verrigtinge gegee, gevolg deur twee van die referate wat op die kongres gelewer is, nl dié van proff P P A Kotze en F Deist.

Die program het 'n wye verskeidenheid van probleemareas aan die orde gestel, waarvan die volgende die belangrikste was:

## *1 DIE AARD VAN BYBELKUNDE*

1.1 Onder hierdie tema is eerstens gewys op die noodsaaklikheid dat Bybelkundeleerplanne krities geëvalueer en wetenskaplik beplan sal moet word nou dat die vak die geleentheid gehad het om vir 'n aantal jare op skoolvlak sy plek te vind. Die dalende aan=tal skole en leerlinge wat Bybelkunde as vak aanbied maak die eerlike heroorweging en herondersoek van leerplanne en doel=stellings des te meer dringend.

1.2 Die vraag of die vak vanuit 'n bepaalde konfessionele perspek=tief aangebied moet word, bly 'n lastige probleem, veral omdat die basiese instelling van Suid-Afrikaanse universiteite (vgl

die gewetensklousule) so fundamenteel verskil op hierdie punt. Die konsensus was dat die voorveronderstellings en konteks waar= in die vak aangebied word, erken en bewustelik aan die orde ge= stel moet word, sodat sowel dosent as student sal besef dat die studie nie "waardevry" is nie, maar dat dit aan die ander kant nie 'n wetenskaplike studie van die vak onmoontlik maak nie.

1.3 Die vraag of Bybelkunde hom slegs tot Ou en Nuwe Testament moet beperk, is weereens druk bespreek. Hier het dit algaande duide= lik geword dat alhoewel 'n suiwer of oorheersende dogmatiese be= nadering af te wys is, 'n mate van sistematisering onvermydelik is (vgl bv OT/NT-teologie, Bybelse teologie) en dat studente juis op gevorderde vlak gehelp moet word om die Bybelse gegewens in 'n sistematiese raamwerk te plaas en dit met huidige Christe= like strominge in verband te bring. Bybelkunde moet dus nie die taak van die kerk oorneem nie, maar wel die student help om die vak nie in 'n historiese of sistematiese lugleegte te beoefen nie.

Daarby is gewys daarop dat aan sommige universiteite die vak in die baie breër konteks van 'n department van "religious studies" aangebied word.

## *2 INTERUNIVERSITêRE VERHOUDINGS*

2.1 Die kwessie van toelatingsvereistes vir nagraadse studie hang grotendeels saam met die veld wat onderskeidelik deur Bybelkunde III en B Theol gedek word en die taalvereistes wat voorgeskryf word. Die meeste universiteite vereis wel een of albei van die grondtale vir BA Honns en vir doktorale studie Grieks II en Hebreeus II. Dr Arnot van Fort Hare het bv voorgestel dat ook op voorgraadse vlak Grieks I of Hebreeus I as newevereiste vir Bybelkunde III sal geld.

2.2 Prof Deist van Unisa het die probleme van onderlinge erkenning van kursusse aangebied deur verskillende universiteite, ingelei. Die verskil in kursusinhoude kan leemtes in opleiding veroorsaak indien ingeskryf word vir 'n nagraadse studie aan 'n ander uni=

versiteit. Met bykomende werkopdragte kan hierdie aanpassing meestal oorbrug word. Op voorgraadse vlak is die probleem egter akuut omdat sodanige aanpassings prakties feitlik onmoontlik word. Daarom is dit die vraag of onderlinge erkenning op voor= graadse vlak soos op die huidige moment onbeperk kan voortgaan. Selektiewe erkenning sal waarskynlik die toekomstige patroon wees.

## *3 BYBELKUNDE EN PUBLIKASIES*

3.1 Ds D J Viljoen, voorsitter van die Interkerklike Handboekkommis= sie het 'n oorsig gebied van die uitgewersprogram van die Kom= missie wat homself op die terrein van Bybelkunde en Bybelonder= rig op primêre en sekondêre vlak toespits. Dit blyk nou dat 'n groeiende behoefte aan handboeke vir voorgraadse studente aan universiteite bestaan. Met die oog hierop is besluit om 'n reeks van handboeke van kleiner omvang (nie meer as 150 blad= sye per deel) elkeen gerig op 'n bepaalde deel van die leerplan, van stapel te stuur.

3.2 Die kongres het ook die geleentheid gebied om *Scriptura* in 'n breër kring bekend te stel. Die tydskrif se medewerkerskring sal verder uitgebrei word om soveel inrigtings as moontlik te betrek en die aanduidings is positief dat dit 'n bydrae kan lewer tot die uitbouing van die vak.

## *4 BYBELKUNDE EN SEKONDêRE ONDERWYS*

Hierdie tema het die meeste bespreking uitgelok. Dit is duidelik dat daar heelwat aansluitingsprobleme tussen skool en universiteit bestaan sover dit Bybelkunde betref wat ernstig aandag sal moet ont= vang. Prof P J du Plessis van RAU het 'n oorsig oor die huidige stand van sake gegee en verteenwoordigers van die verskillende onder= wysdepartemente het die saak vanuit hul perspektief gestel. Dit blyk dat die huidige skoolleerplanne drastiese hersiening nodig het, nie alleen omdat dit onrealisties wyd is nie, maar veral omdat dit nie tred hou met die jongste ontwikkelinge op die vakgebied nie. Daarby

is dit 'n vraag of die vak aangebied word op 'n wyse wat relevant vir die huidige Suid-Afrikaanse situasie is. Deegliker skoling vir onderwysers is 'n hoë prioriteit en die noodsaaklikheid dat Bybelkunde en Godsdiensonderrig aangebied sal word deur leerkragte wat formele opleiding in die vak het, is beklemtoon. Indien lg as 'n vereiste gestel en toegepas word in skole, sal die probleem van 'n tekort aan onderwysposte vir Bybelkunde-studente grootliks verlig kan word.

Opvallend was ook hoe die prentjie verskil t o v blanke en swart onderwys. Terwyl Bybelkunde kwyn op blanke skole, ondergaan die vak 'n ongekende groei in swart onderwys. So het bv 8 000 leerlinge Bybelkunde as eksamenvak vir st 8 en 3 000 vir matriek aangebied in 1980 en is die huidige groeitempo 40% per jaar. In sommige inspek= teursgebiede word Bybelkunde as eksamenvak deur alle skole aangebied. Hierdie groot kontras dui daarop dat die situasie in blanke onderwys indringend ondersoek en moontlik op 'n groot skaal herstruktureer sal moet word.

*5 BYBELKUNDE EN ONDERWYSKOLLEGES*

Ten slotte is die besondere probleme van aansluiting en erkenning tussen universiteite en kolleges bespreek, wat veral van belang is vir universiteite en kolleges wat akademies aan mekaar geskakel is. Die moontlikheid wat vir kollegestudente gebied word om akademies verder te studeer is egter 'n positiewe gegewe waarvoor groot waar= dering betuig is.

*S L O T S O M*

In die lig van die dag se bespreking was dit duidelik dat daar heel= wat probleme is wat om dringende en deurlopende aandag en optrede vra. Uit die byeenkoms het ook geblyk dat daar positiewe moontlik= hede vir samewerking tussen al die betrokke instansies is en dat heelwat vordering reeds gemaak is. Die behoefte aan 'n permanente sekretariaat is sterk aangevoel, asook 'n werkgroep wat dadelik die probleme wat geïdentifiseer is, kon opvolg. Gevolglik is besluit om Dr W Vosloo (UP) te vra om as sekretaris op te tree totdat 'n meer

permanente reëling tot stand kom. Hy sal as sameroeper funksioneer van 'n klein werkkomitee wat soos volg saamgestel is:

| | |
|---|---|
| Prof P J du Plessis (RAU) | namens inrigtings vir blanke onderwys |
| Prof N Fryer (Zoeloeland) | namens inrigtings vir swart onderwys |
| Dr Coetzer (GOK) | namens kolleges |
| Dr W van Wyk | namens die dept van Onderwys en Opleiding |

Hierdie werkskomitee sal skakel met 'n breër komitee wat uit 'n ver=teenwoordiger van elke inrigting en belanghebbende instansie sal be=staan. Die noodsaaklikheid van samewerking tussen universiteite, kolleges, onderwysowerhede in sowel blanke as swart onderwys op 'n gemeenskaplike basis is beklemtoon. Veral sal die wenslikheid van 'n meer permanente sekretariaat en werkgemeenskap vir Bybelkunde ondersoek word met verslag aan die breër verteenwoordigende komitee. Daar word met verwagting uitgesien na die resultate van die werk=komitee se pogings.